# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**JUNIE 2019**

**EKSAMEN**

**GRAAD 8**

**PUNTE : 120**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE** afdelings :

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A | : BEGRIPSTOETSE | (40) |
| AFDELING B | :TAALWERK | (80) |

3. Jy moet **AL** die vrae beantwoord.

4 Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5 Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6 Skryf netjies en leesbaar.

7 Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE !***

**AFDELING A : BEGRIPSTOETS**




**VRAAG 1 : RESENSIE**

Lees die boekresensie hieronder en beantwoord die vrae:

**TEKS A**

**'n Resensie- Moord.net**

1. Moord.net is die eerste titel in die nuwe Thomas@-reeks vir Afrikaanse kinders en die debuutwerk van 'n jong skrywer Carina Diedericks-Hugo. Aangesien die enigste ware reeks is wat tans in Afrikaans uitgegee word, word dit met ope arms verwelkom.

2. Dit is lank reeds bewys dat baie kinders se liefde vir lees by reeksboeke begin, Dink maar aan Saartjie-en Maasdorp-boeke van die verlede en die Engelse reeks soos Sweet Valley High en die Harry Potter reeks. Navorsing oor die afgelope twee dekades het bewys dat daar goeie redes is waarom kinders graag reeksboeke lees en behoort te lees.

3. Die Thomas@-reeks verwelkom karakters soos Thomas-die hoofkarakter- ene sy vriende, Hannes en Alexandra. Hulle is nie 'n tradisionele bende nie, maar slegs drie maats wat deur omstandighede saamgegooi word.

4. Thomas en sy ouers woon in Kaapstad. Hulle trek in 'n nuwe huis in en Thomas bly in die solderkamer. Maar iets is nie reg nie.

5. Die skrywer hou verskillende kante van die karakters aan die leser voor. Thomas groei tot 'n oortuigende tienerkarakter: bang, maar ook dapper; seker van himself, maar ook onseker; onafhanklik van sy pa, maar ook afhanklik.

6. Moderne tegnologie soos rekenaars, die internet en rekenaarspeletjies speel 'n belangrike rol in die storielyn, daarom die naam Thomas@. Die karakters is egter nie bleeksiele wat heeldag voor die rekenaar is nie, hulle is ook helde in die tradisionele sin van die word.

7. Die boek is die regte medisyne vir 'n geslag kinders wat al hoe minder lees. Ek hoop dat Thomas, soos Trompie, 'n vertroude naam sal word. Die boek word aanbeveel vir kinders (seuns en meisies) van graad 5 tot graad 9 met inagneming van hul leeservaring.

{Verwerk vanaf www.storiewerf.co.za, 9 Augustus 2018)

**Woordeskat**

| | | |
|---|---|---|
| Debuutwerk – eerste werk | navorsing-research | reeksboeke-book series |
| Omstandighede-circumstances | saamgegooi-thrown together | bende-gang |
| Solderkamer –attic | onafhanklik-independent | afhanklik-dependent |
| Rekenaarspeletjies- computer games | bleeksiele-nerds | geslag-generation |
| Aanbeveel-recommend | vervelig-boring | inagneming- taking into consideration |
| Leeservaring-reading experience | leser-reader | oortuigende-convincing |
| Tans- now | vertroude-trusted | reeksverhaal- series story |

**Vrae:**

1.1. Voltooi die sinne deur die korrekte antwoorde te gee. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

1.1.1. Die reeksverhaal se naam is (________) 1

1.1.2. Die eerste boek in hierdie reeks se naam is (_______) 1

1.1.3. Hierdie reeksverhaal word geskryf deur (________) 1

1.1.4. Dit is haar (_______) boek wat sy geskryf het. 1

1.1.5. Die web adres van hierdie artikel is (________). 1

1.1.6. Die datum wanneer hierdie artikel geskryf is,is (________). 1

1.2.***” Baie reekse word nou in Afrikaans uitgegee”.***

Die bogenoemde stelling is ONWAAR.

1.2.1. Motiveer jou antwoord deur **vier opeenvolgende** woorde uit die teks aan te haal. 1

1.3 .Verwys na die volgende uittreksel uit paragraaf 1. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

***“ met ope arms verwelkom” beteken:***

A. Lesers dra die boeke met oop arms.
B. Lesers is bly dat hulle hierdie boeke kan lees.
C. Lesers is nie bly dat hulle hierdie boeke kan lees nie. 1

**1.4** ***Alle kinders hou daarvan om reeksboeke te lees.***

1.4.1. Is die bogenoemde stelling korrek? Sê JA of NEE. 1

1.4.2. Haal een sin uit die leesstuk aan om jou antwoord te bewys. 1

1.5. Beantwoord die volgende vrae:

1.5.1. Wat is die hoofkarakter se naam? 1

1.5.2. In watter stad woon die hoofkarakter? 1

1.5.3. Wat noem ons die kamer waarin hy slaap? 1

1.5.4. Die hoofkarakter het twee vriende. Gee hulle name. 2

1.6. Verwys na paragraaf 3.

***"Hulle is nie 'n tradisionele bende nie, maar slegs drie maats wat deur omstandighede saamgegooi word".***

1.6.1. Dink jy die drie maats was altyd vriende? Sê JA of NEE. 1

1.6.2. Gee 'n rede vir jou antwoord deur uit die teks aan te haal. 1

***1.7. "Hulle trek in 'n nuwe huis in en Thomas bly in 'n solderkamer. Maar iets is nie reg nie."***

1.7.1. Verduidelik in een sin waaroor die boek moontlik gaan. 1

*1.8.* Verwys na paragraaf 7.

**"*Ek hoop dat Thomas, soos Trompie, 'n vertroude naam sal word."***

Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.
Die skrywer vertel jou dat *:*

1.8.1. Die Thomas@-reeks deur baie kinders (geniet /gehaat/) kan word. 1

1.9. Skryf die volgende sinne in die korrekte volgorde neer.

* Thomas en sy ouers woon in Kaapstad

* Die boek is die regte medisyne vir kinders wat al hoe minder lees.

* Die Thomas@ –reeks verwelkom karakters soos Thomas-die hoofkarakter.

* Moord.net is die eerste titel in die nuwe Thomas@-reeks. 4

**[24]**

**VRAAG 2 : UITTREKSEL**

Lees die uittreksel vanuit Moord.net deur Carina Diedericks-Hugo en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

Gggrrrr….gggrrrr…gggrrr….

Thomas ruk wakker. Hy kyk verward om hom rond. Sy oog val op die wekker op sy bedkassie. Kwart voor een. Daar hoor hy dit weer! ‘n Snaakse geluid kom van iewers in sy kamer af. Sy hart klop in sy keel. Hy steek sy hand versigtig uit en skakel die bedliggie aan. Stadig kom hy regop. Sy kamer is leeg.

Ggggrrr….ggggrrr….ggggrrr…

Hy staan op. Dit klink soos sy drukker. Hy stap na sy rekenaar toe. Sy drukker is besig om die een na die ander papier uit te spoeg. Maar sy rekenaar is af! Hoe kan sy drukker druk as sy rekenaar af is? Hy kyk na die papiere. Daar staan in groot swart letters op elke bladsy:YOU ARE NOT SAFE.

(Geneem uit: Moord.net-Carina Diedericks-Hugo)

**Woordeskat:**

| | | |
|---|---|---|
| Idiomatiese uitdrukking-idiomatic expression | drukker-printer | wekker-alarm |
| Verward-confused geluid-sound | versigtig-carefully | boodskap-message |

**Vrae:**

2.1. Verwys na reël 1: **” <u>Gggrrrr…gggrrr….gggrrr…”</u>**

Voltooi die volgende sin. Kies die korrekte antwoord . Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.1.1. Die onderstreepte woorde is die (klink / klank) van die drukker (printer). 1

2.2. Die onderstaande stelling is ONWAAR.

***Thomas het rustig wakker geword.***

2.2.1. Haal **een woord** aan om jou antwoord te bewys. 1

2.3. Haal een idiomatiese uitdrukking van **ses opeenvolgende** woorde aan wat bewys dat Thomas bang is. 1

2.4. Beantwoord die volgende vrae:

2.4.1. Speel hierdie toneel in die DAG of NAG af? 1

2.4.2. Gee ‘n rede vir jou antwoord. 1

2.5. Kies die korrekte antwoord.  Skryf die nommer en die antwoord neer.

Die boodskap **“YOU ARE NOT SAFE”** beteken dat:

Thomas (veilig/ in gevaar) is. 1

**[6]**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees die volgende advertensie en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

**Vrae:**

3.1. Wat is die naam van die tydskrif wat hier geadverteer word? 1

3.2. Vir wie word hierdie tydskrif geskryf? 1

3.3. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

***Die inhoud van hierdie tydskrif is:***

A. Mode en skinderpraatjies
B. Glanspaartjies en musiek
C. Mode en musiek
D. Rolprente en liefde 1

3.4. Een van die artikels in die tydskrif is: "Die aarde oor 10 jr"

3.4.1. Wat dink jy sal die inhoud van hierdie artikel wees? 2

3.5. Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

3.5.1. Hierdie tydskrif verskyn (weekliks/ maandeliks) in die winkels. 1

3.6. Hoeveel sal jy vir hierdie tydskrif moet betaal? Skryf jou antwoord as 'n nommer neer. 1

3.7. Hoekom adverteer die tydskrif dat lesers 'n vakansie in Kalifornië kan wen? 2

3.8. Noem een item wat jy verniet (sonder om te betaal) saam met die tydskrif kan kry. 1

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: [40]**

AFDELING B: TAALWERK

Bestudeer die volgende prentjie en voer die instruksies uit.

TEKS D




Vraag 1: Sinstrukture:

1.1. Skryf die volgende sinne oor in die korrekte WOORDORDE.

1.1.1. Die seuntjie , op die strand, vanmiddag, het, stadig , gebou, 'n sandkasteel 1

1.1.2. Die man, netnou, in die branders, sal, branderplank ry 1

1.1.3. Die vrou, op haar handdoek, lê, vandag 1

1.2. Skryf die volgende sinne oor in die VERLEDE TYD.

1.2.1. Die meisie spring op die sand. 1

1.2.2. Die vrou is baie lui. 1

1.2.3. Die seuntjie wil in die branders swem. 1

1.2.4. Ek onthou die heerlike dag. 1

1.2.5. Die vrou lê en lees haar boek. 1

1.2.6. Die meisie swem en hardloop op die strand. 1

1.3. Skryf die volgende sinne oor in die TOEKOMENDE TYD.

1.3.1. Die jongman het ‘n bal in sy hand. 1

1.3.2. Dit is ‘n sonnige dag. 1

1.3.3. My tante het ‘n strandhoed op haar kop. 1

1.3.4. Die twee meisies speel vlugbal op die strand. 1

1.4. Skryf die volgende sinne in die ONTKENNING .

1.4.1. Die vrou sonbrand. 1

1.4.2. Die jong meisie ry op haar branderplank. 1

1.4.3. Sy ouma het al in die see geswem. 1

1.4.4. Daar is nog kinders wat vlugbal speel. 1

1.4.5. Iemand skree dat die see gevaarlik is. 1

1.4.6. Iets loop op die meisie se handdoek. 1

1.5. Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORDE tussen hakies

1.5.1. Die seuntjie wil nog sy sandkasteel bou. Sy pa moet werk toe gaan (maar) 1

1.5.2. Die vrou brand in die son. Sy lê onder die sambreel.(daarom) 1

1.5.3. Al die kinders speel vlugbal. Die son skyn helder. (omdat) 1

1.5.4. Die vrou lees ‘n boek . Haar dogtertjie doen oefening. (en) 1

1.5.5. Die seun vee die sand van sy voete af. Hy klim in die motor.(dan) 1

1.5.6. Die vrou sonder ‘n sambreel brand in die son. Dit was ‘n baie warm dag. (aangesien) 1

**[25]**

**VRAAG 2 : WOORDSTRUKTURE**:

**TEKS E**



2.1. Gee die MEERVOUDE vir die woorde tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.1.1. Die kinders (been) is reguit. 1

2.1.2. Die twee meisies dra hulle (baaikostuum) 1

2.1.3. Die twee (boot) vaar op die water. 1

2.1.4. Die seuntjie wil twee (sandkasteel) bou. 1

2.1.5. Die meisie se (oog) brand van die seewater. 1

2.2. Gee die VERKLEINWOORDE vir die woorde tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.2.1. Die klein (kind) dryf op die branders. 1

2.2.2. Daar is ‘n klein (vis) in die see. 1

2.2.3. Die klein (krap ) loop oor die meisie se voet. 1

2.2.4. Sy klein (voet) brand in die sand. 1

2.2.5. Sy waai met haar klein (hand) vir haar maats . 1

2.3. Gee die teenoorgestelde GESLAG vir die volgende. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.3.1. Piet is lief vir sy (onderwyser) 1

2.3.2. Die meisie wens sy was 'n (prins) 1

2.3.3. Piet se (oupa) hou van brei. 1

2.3.4. Sy gunseling (onderwyser) is (meneer) Smith. 1

2.3.5.Hy en sy (niggie) hou van fliek. 1

2.4. Vul die VOORSETSELS in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.4.1. Piet gaan _____ vakansie by die see.. 1

2.4.2. Hulle ontmoet _____ agtuur by die bushalte. 1

2.4.3. Die meisie ry_____ bus strand toe. 1

2.4.4. Die kinders loop______ see toe. 1

2.5. Gee die DIEREGELUIDE vir die volgende. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.5.1. Piet se hond_______ vir die strandballe. 1

2.5.2. Die duif ________ om my wakker te maak. 1

2.5.3. Die henne _______ wanneer hulle eiers lê. 1

2.5.4. 'n Haan_______ gereeld op die plaas 1

2.5.5. Op Piet se oom se plaas kan jy die jakkalse hoor ________ 1

2.6. . Vul die korrekte VOORNAAMWOORDE in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.6.1. Jy moenie in die son lê as _____ te warm kry nie. 1

2.6.2.. Die kinders eet _____ kos want swem maak hulle honger. 1

2.6.3. Anton drink _____ koeldrank, want _____ kry warm 2

2.6.4. Mary lees________ boek 1

2.7. Gee die INTENSIEWE VORM van die woorde tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.7.1. Die seun op die strand is ( baie maer). 1

2.7.2. Die skuim van die branders is ( baie wit.) 1

2.7.3. Die see is vandag ( baie blou). 1

2.7.4. Die tante op die plaas is ( baie vet). 1

2.7.5. Die sand is ( baie warm) 1

2.8. Gee die korrekte VERSAMELNAME. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.8.1. Die _____________ berge is vol sneeu.. 1

2.8.2. Die ____________ skepe is vol gelaai. 1

2.8.3. Die _____________ blomme ruik heerlik. 1

2.8.4. Die ___________seemeeue vlieg oor die water. 1

2.8.5. Die ____________ beeste wei in die kamp. 1

2.9. Vul die korrekte WOORDESKAT OOR DIE SEE in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer. Gebruik die woorde in die onderstaande woordblok.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| roomys | sonsambreel | emmer | grafie | skulpe |
| sonhoed | handdoek | sandkasteel | branderplank | |

Die klein seuntjie gebruik ‘n 2.9.1._____ om op die branders te ry. Die meisie dra ‘n 2.9.2._______ op haar kop en sy lê op haar 2.9.3._________ in die seesand. Die meisie tel 2.9.4.______ langs die strand op en eet daarna 2.9.5._____ want dit is warm.

5

2.10. Vul die korrekte VRAAGWOORDE in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer. Die antwoorde word gegee om jou te help.

2.10.1. ________ bou Pieter? 'n Sandkasteel 1

2.10.2. _______ sit Pieter se sussie? Op die bank. 1

2.10.3. ________ tel Pa hulle op? Drie-uur 1

2.10.4. ________ kinders speel op die strand? Ses 1

2.10.5. ________ laai vir Pieter by die strand af? Ma 1

2.11. Vul die LIGGAAMSDELE in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.11.1. Die meisie waai met haar _______ . 1

2.11.2. Sy lek die roomys met haar ______. 1

2.11.3. Pieter se _______ sien baie seemeeue. 1

2.11.4. Pieter en sy maats loop langs mekaar met hulle ______. 1

2.11.5. Sy luister met haar ______ wanneer sy geroep word om te eet. 1

2.11.6. Pieter ruik die see met sy _____. 1

**[55]**

**TOTAAL AFDELING B : [80]**

**SOMTOTAAL [120]**